

Jesus min my
tel my op
maal my, deel my
tot ek klop

1+1=0

ander [som]

MATTEUS 5:1-12

8 Mei 2022 – SAGMOEDIGHEID

Die Saligsprekinge as inleiding van Jesus se openbare bediening, is 'n duidelike landmerk in dissipelskap en navolging van Christus. Jesus *sien die mense raak* – iets wat 'n kenmerk word in sy bediening en sy deernis (*compassion*) vir mense verklap. Hiermee saam lui die oorspronklike teks, *maak Jesus sy mond oop* en begin Hy die mense leer (5:1) – 'n aanduiding dat dit wat hier volg baie belangrik is.

In ons reeks *Ander[som]* staan ons by die Saligsprekinge stil en sien ons hoe hierdie vreemde uitsprake oor geluk, die hoorders dadelik laat besef dat die koninkryk wat Jesus oopsluit, *anders* is. Dit laat jou ongemaklik, gaan in teen die gryn van die gewone gang en is beslis 'n *ander[som]*.

Mat 5:5 Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang. Die gedagte wat onmiddellik opkom is iemand wat 'n *softy* is – ruggraatloos, wat sukkel om besluite te neem, wat

onderdanig is en net *ja-en-amen* op alles sê.

Die oorspronklike Griekse woord wat ons met *sagmoedig* vertaal, is die woord *praotés* wat drie moontlike vertalings het:

1. Om vir die regte goed kwaad te raak
2. Om selfbeheersing te hê en nie reaktief te wees nie
3. Om nederig te wees – jou eie swakhede en tekortkominge te erken.

Bogenoemde gaan beslis in teen die gryn van menslike gedrag en reaksies. Kom ons neem hulle een vir een en dink na oor wat dit vir ons inhou:

1. *Om vir die regte goed kwaad te raak*

Om die volle omvang van hierdie betekenis te verstaan, sal dit help om na die ekstreme hiervan te kyk wat beteken om óf fyngewoelig te wees óf ongevoelig (onsensitief) te wees. Wat

opval van beide die twee reaksies is dat altwee selfgesentreerd is. In eersgenoemde geval raak jy kwaad omdat jy dink alles is op jou gemik, om jou te na te kom. In die tweede geval weer leef jy so onbewustelik dat jy nie agterkom dat jou gedrag ander kan seermaak nie.

Om *sagmoedig* te wees binne die eerste verstaansraamwerk is om vir 'n oomblik weg te kyk van jouself en raak te sien en kwaad te raak vir die onsensitiwiteit van die wêreld wat onreg, hartseer en leed tot gevolg het.

Dit is om *kwaad* te raak:

- as jy sien jou pel wat 'n ekstra glasier gedrink het, klim agter die stuurwiel in
- as jy sien hoe mense hulle voorregte as vanselfsprekend aanvaar en nie hulle geleenthede gebruik en hard werk nie
- as mense water, krag mors
- wanneer mense 'n blinde oog gooi vir onregverdigheid
- as mense rassitiese of seksitiese grappe maak
- as mense rommel strooi

2. Om *selfbeheersing* te hê en nie *reaktief* te wees nie

Die ekstreme is om die leuen te glo dat ek net veilig is wanneer ek alles kan beheer (*controller*). Die ander ekstreem is om jou oor te gee aan jou drange en begeertes, instinkte en te maak soos jy lus het.

Selfbeheersing is om:

- bewus te wees dat daar baie veranderlikes in die lewe is waarvoor ons geen beheer het nie, en jy eerder moet leer om die golwe van die lewe te ry
- wanneer dinge nie gebeur soos wat jy gedink of gehoop het nie, jy vra hoe hierdie in 'n geleentheid om te groei omskep kan word
- jouself onder die beheer van God te stel, die Gees, God se asem in jou

3. Om *nederig* te wees – jou eie *swakhede* en *tekortkominge* te erken.

Die derde betekenis van *sagmoedigheid* is om nederig te wees.

Nederigheid is om:

- alle hoogmoedigheid prys te gee
- jou eie onkunde, swakhede, tekortkominge te erken
- te weet dat ek altyd nog iets kan leer en nie alles weet nie
- te weet hoe nodig dit is om vergewe te wees.

Van Moses, een van die grootste leiers, word die volgende gesê (Num 12:3): *Moses was 'n uiters **sagmoedige** mens, meer as enigiemand op aarde.*

Kleingroepe

- Gesels met mekaar watter impak dit op ons samelewing sal hê as ons *sagmoedigheid* kies.
- Watter insig bring bogenoemde drie perspektiewe op *sagmoedigheid* vir jou en waartoe wil jy jou verbind?